

Donderdag 17 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 4

Fokusgedeelte: Openbaring 4:1

Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor God

Vir ons is hierdie inwag van die wederkoms egter nie sonder verantwoordelikheid nie. Johannes sien juis wat die plig van die kerk is: saam met die hele skepping moet die gelowiges God elke oomblik dien en verheerlik. Die vier lewende wesens wat daar voor die troon was, het sonder ophou dag en nag gesê: *Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom* (Op. 4:8).

Lofprysing vir lofprysing en buig vir buig is die kerk van die Here saam met hulle: *Elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep"* (Op. 4:9-11).

Johannes het toe nie agter die oop deur gebly nie. Hy is teruggestuur aarde toe om alles neer te skryf wat God aan hom geopenbaar het. Omdat God wil hê dat ons moet weet Hy verwag van ons die volle prys en dank wat aan Hom toekom, anders gaan Hy ons saam met die wêreld veroordeel.

Ons moet nie hierdie openbaring te lig opneem nie, want ons leef in 'n tyd waarin baie mense al hulle respek vir God heeltemaal verloor het. Baie van ons wat lidmate van kerke is, het nie meer 'n idee van Wie God werklik is en hoe magtig Hy is nie.

Hierdie gedeelte openbaar nuut dat ons God en Verlosser Almagtig is.

Sing: Psalm 74-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)